**Die bewaringsverbond met Noag (1)**

**Gen 6:18-22, 8:20-9:17**

**25 Junie 2023**

1. Vantevore: (1) Noag is uit genade deur geloof geregverdig (2) God het in die klimaks van Sy oordeel oor die goddelose mense aan Noag gedink (3) Na die sondvloed is die aarde gevul met regverdige mense, soos wat herskepte aarde na die finale oordeel met regverdige mense gevul sal word.
2. Noagverbond bou voort op vorige verbonde:
    a. Skeppingsverbond – werksverbond, definieer die Here se ideaal met Sy skepping
    b. Verbond met Adam – genadeverbond, die Here neem verantwoordelikheid op Homself
3. Die Noagverbond – voor die vloed (Gen 6:18-22)
    a. Gen 6:18 – eerste keer in die Bybel wat die term "verbond" gebruik word
    b. Die Here neem die inisiatief vir die verbond, en administreer dit
    c. Inhoud van die verbond = bewaring van Noag, sy gesin, asook die diere
        - Al word Noag uit genade gered, is hy nie passief nie – moet die ark bou
        - Bewaring van Noag en gesin – maak voortbestaan van mensdom moontlik
        - Bewaring van diere – maak voortbestaan van diereryk moontlik
        - Voorsiening van kos – maak voortbestaan tydens vloed moontlik
    d. Noag en sy gesin word bewaar (Gen 6:18, 7:1, 7:7, 7:13, 8:16, 8:18)
        - Red God gesinne? (vgl Hand 16:31, 1 Kor 7:14)
        - Nee, God red individue (vgl Eseg 14:20, Gen 9:18, Gen 19)
        - Elke lid van Noag se gesin het gewillig in ark gegaan
        - Maar God werk graag deur gesinne (1 Pet 3:1-2, 1 Kor 7:14)
            - Vgl met voordele om deel van Israel te wees (Rom 9:4-5)
4. Die Noagverbond – na die vloed (Gen 8:20-22, 9:8-17)
    a. Inhoud van die verbond = God sal nie weer alles wat lewe so tref nie, sal wel die aarde in stand hou – vir solank die aarde nog bestaan, bewaringsverbond
        - Gen 8:20: "nie vervloek nie" – hef nie Gen 3:17 op nie
    b. Hierdie verbond word gesluit met Noag en sy nageslag en ook die ander lewende wesens
    c. Gaan God nie weer oordeel nie? Nee, aarde word juis bewaar vir finale oordeel (2 Pet 3:6-7)
    d. Hoekom moet God weer oordeel? Want mens se hart neig na wat boos is (Gen 8:21), oordeel verander nie die hart nie
    e. Hoekom het God dan wel die sondvloed gestuur as dit nie werklik help nie? Om mensdom te leer Hy gaan oordeel
    f. Hoekom stel God die oordeel uit tot aan die einde? Om die res van Sy verlossingsplan te implementeer wat wel harte sal verander
    g. Teken van die verbond = reënboog (Gen 9:12-17)
        - Reënboog geassosieer met wolke (oordeel) en sonlig (hoop op bewaring in oordeel)
        - Reënboog is primêr om God te herinner aan die verbond om genadetyd te skep (Sy heiligheid en regverdigheid eis oordeel)
        - Moet ons ook herinner aan genadetyd wat besig is om uit te loop